basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2013

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

* A F R H L 2 *

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

3. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

4. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

5. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. Nuus uit die binneland | Opstelvraag | 10 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. Busrit in die aand | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 3. staat | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| **OF** | | | |
| 4. Gebed om leiding | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| **<u>EN</u>**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.** | | | |
| 5. Dieet | Opstelvraag | 10 | 10 |
| **OF** | | | |
| 6. Dieet | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| | | | |
| 9. *Manaka – Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka – Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 20 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |
| | | | |
| 15. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 23 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 23 |


*** LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5–6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7–12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13–16 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.** | | | |


EASTERN CAPE

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nuus uit die binneland – Peter Blum**

*Vir Dirk Opperman*

Soms in die winter as die reën sag stuif
op grasperke, dig en diep soos 'n tapyt –
as hy die rotsige bergreeks wegskuif
agter 'n misgordyn – as voor die ruit
popliere, eike en kastaiingbome
saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
terwyl ons oor 'n ou beskawing lees –
dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
van waters wat kalmeer, en in die gees
vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in 'n najaarsdag se skemerty
stap ons in 'n stil straatjie en gewaar
deur 'n ou bolig, kunstig uitgesny
in vlegtende patroon van druif en blaar,
die lig van verre dae: Ons word gesluk
soos deur 'n mond; die luiterse getik
van 'n ou horlosie vervang ons ontstoke
harte se ritme in die kamerhoek,
en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
in die vernislaag van 'n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
en tussen ons rondkrap soos 'n stok
in 'n miershoop – in die palms blaai
nes 'n barbaar in 'n keurige boek **–**
dan is ons rillend buite alle mure
wat ons opstapel in redelike ure
met doel en plan –
ruik ons droogte en brand, en gerug
van sprinkaan, aardbewing en oproer
op daardie skroeiende binnelandse lug
– dan, dan
weet ons op watter vasteland ons boer.

[Uit: *Steenbok tot Poolsee*, 1955]

Kopiereg voorbehou 
EASTERN CAPE

In die gedig 'Nuus uit die binneland' word van teenstellings gebruik gemaak om die droombeelde oor ander kontinente én die werklikheid van Afrika te beskryf.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde en verwys in jou antwoord na:

- Die voorwaardes waaronder die droombeelde in strofe 1 opgeroep word (3 feite)
- Die teenstellings tussen die Boland en die binneland (3 teenstellings)
- Die geldigheid van die insig waartoe die spreker kom (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby … Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ’n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand …

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë …
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

[Uit: *Die stil avontuur*, 1939]

2.1 Wat word die driereëlige strofes van hierdie gedig genoem? (1)

2.2 Skryf versreël 4–5 neer en onderstreep die allitererende klanke. (1)

2.3 Verduidelik die metafoor “stormsee” (reël 7). (1)

2.4 Waarom word die passasiers as *slawe* (versreël 9) beskryf? (1)

2.5 Wat is die funksie van die opeenhoping van *en* in versreël 11–12. (1)

2.6 Na wie spesifiek verwys *ons* (versreël 13) en *hul* (versreël 15) onderskeidelik? (2)

2.7 Wat word met die herhaling van 'n gedeelte van die eerste strofe in die laaste strofe bereik? (1)

2.8 Is die persone in versreël 13–14 se handeling geloofwaardig teen die agtergrond van die tema van die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**staat – Niel van Tonder**

1 jare nou al
2 sit roerloos wit
3 'n krap in 'n gaterige wal

4 roer 'n steeltjiesoog
5 met tye
6 waaksaam omhoog

7 niemand sal ooit
8 met sekerheid kan sê
9 of 'n droë dood ook in hom lê

10 maar wanneer en hoé
11 het die swart mierbataljon
12 dié parate pantser binnegekom?

[Uit: *As Hy weer kom*, 1975]

3.1 Watter tipe gedig is 'staat'? (1)

3.2 Watter tegniek gebruik die digter om spanning in die eerste strofe te skep en hoe wend die digter dié tegniek aan? (2)

3.3 Hoekom is die krap se latere dood ironies? (1)

3.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die krap wat in die *gaterige wal* (versreël 3) sit? (1)

3.5 Skryf die frases in strofes 1 en 2 wat op progressie dui, neer. (1)

3.6 Hoe word die dood in versreël 7–9 beklemtoon. (1)

3.7 Wat is die funksie van die retoriese vraag in versreël 10–12? (1)

3.8 Hoekom sou jy hierdie gedig as relevant vir ENIGE staat beskou? (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Gebed om leiding – MM Walters**

*Die leser wat hierin 'n aanval lees op enige spesifieke gemeente, begryp die strekking van die gedig nie.*

Heer, U weet dat ek gelukkig is hier
in die gemeente Stellenbosch-Sentraal,
want veel seëninge ontvang ek op my werk:
deur my huisbesoek op geselekteerde testamente
is gemeentlike fondse reeds met duisende versterk.

U weet hoe die lidmate vir ons sorg:
die vrieskaste bult buitentoe, oorvol
is ons kelder van die goeie dade –
ons drink rooiwyn wat sewe jaar gerus het
saam met die vet braaivleis van genade.

U weet die kinders moet universiteit toe
en die koshuise is duur en vol en waar
is daar 'n pastorie met sewe huurstudente?
Net op Stellenbosch is so 'n kans vir dié goue gans
toelaatbaar volgens kerklike reglemente.

Ek speel in die eerste tennisspan
en ons wen nou al drie jaar na mekaar.
Maar 'n mens moet kompetisie hê – U weet:
soos Satan elke Sondagmôre
sy invloed teen u roepstem meet.

U kudde val nou die kuns ten prooi
want godslastering word verlig en letterkundig mooi.
Hoe kan ek bly waarsku teen die bose spel
as ek nie sélf, met my komplimentêre kaartjie,
my slagyster in die Thom gaan stel?

(Die klein sondetjies met my buurvrou
het ek alreeds voor U bely – net nou en dan
bedien ons nog die sakramente.
Kan ek haar dan sommer só laat staan,
sonder groetnis sê en komplimente?)

Kopiereg voorbehou 
EASTERN CAPE

Ag, en die akademiese omgaan en verkeer
met al die professore, hoe kan ek dit ontbeer –
ék wat so graag delf in die duisterhede,
so lank gewag het op ’n kweekskoolstem
in antwoord op my broederse gebede.

Nou kom U met dié beroep
na die sendinggemeente op Merweville ...
vir mý, gereelde voorsitter van die Ring!
Alle grappies op ’n stokkie, Meester,
is U ernstig met die ding?

[Uit: *Saturae*, 1979]

4.1 Watter tipe gedig is 'Gebed om leiding'? (1)

4.2 Wat suggereer die subtitel/motto? (1)

4.3 Haal ’n woord uit versreël 26–30 aan wat by *rooiwyn* (reël 9) aansluit. (1)

4.4 Verduidelik hoe die frase *goue gans* (versreël 14) betrekking het op die spreker? (2)

4.5 Hoekom is die predikant se optrede in versreël 21–25 ironies? (1)

4.6 Noem ’n rede hoekom versreël 26–30 as ’n parentese aangebied word. (1)

4.7 Skryf in jou eie woorde EEN rede uit versreël 31–32 waarom die spreker nie uit Stellenbosch kan weggaan nie. (1)

4.8 Is hierdie gedig binne konteks geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

**Dieet – Rika Cilliers**

sy het anorekties begin krimp
in die laat seisoen: minder
wat van koue ril, min
geraak om aan te raak
onbeminlik, minste
wees, amper-
stamper
niks

[Uit: *Vlier*, 1990]

Die halfrym, tipografie, enjambement en woordplasing word baie suksesvol in hierdie gedig aangewend.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde en verwys in jou antwoord na die volgende:

- Die soort halfrym wat deurlopend in die gedig voorkom (1 feit)
- Hoe die woord *Dieet* en die halfrym by mekaar aansluit (2 feite)
- Die wyse waarop die tipografie en die enjambement die titel ondersteun (3 gemotiveerde feite)
- Jou mening oor die gebruik van die eindwoorde in reël 1, 2, 3, 5, en 8 (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**Dieet – Rika Cilliers**

sy het anorekties begin krimp
in die laat seisoen: minder
wat van koue ril, min
geraak om aan te raak
onbeminlik, minste
wees, amper-
stamper
niks

[Uit: *Vlier*, 1990]

6.1 Watter siekte het die persoon onder lede? (1)

6.2 Na watter seisoen verwys die woorde *laat seisoen* as jy versreël 3 in ag neem? (1)

6.3 Waarop sinspeel die woorde *minste wees* (versreël 5–6)? (1)

6.4 Watter ander woord staan in direkte kontras met die uitdrukking *amper-stamper* (versreël 6–7)? (1)

6.5 Hoe dra die tipografie van die gedig daartoe by om die siekte visueel voor te stel? (1)

6.6 Sou jy die gebruik van enjambement in hierdie gedig as geslaagd beskou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

6.7 Watter soort halfrym kom hoofsaaklik in die gedig voor? (1)

6.8 Wat bereik die spreker deur die eindplasing van die woorde *minder* (versreël 2), *min* (versreël 3), *minste (*versreël 5), *niks (*versreël 8)*?* (1)

6.9 Waarop sinspeel die weglating van die punt aan die einde van die gedig? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

In die roman *Die kwart-voor-sewe-lelie* ervaar Iris konflik.

Skryf ’n opstel van 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Iris voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in ’n roman is (2 feite)
- Hoe konflik by Iris vanaf haar geboorte voorkom (4 feite)
- Hoe Iris se konflik haar verhouding met Peter beïnvloed (3 gemotiveerde feite)
- Die innerlike konflik wat Iris ervaar (3 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van Iris se konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Iris sou gee om die konflik op te los (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

“Maak my wakker wanneer jy terugkom,” het hy gesê en lankuit oor die bed geval. Sy kaal rug het my week gemaak en ek het skielik onthou waarom ek altyd antwoord op sy roepstem. “En moet om hemelsnaam nie met vreemde mense praat nie.”

“Reg,” het ek gesê, my jas uit die kas gehaal en my nuwe stewels aangetrek. “Lekker slaap.”

Ek dink nie hy het geluister nie.

In die kafee het ek my oë op die spyskaart gehou, soos beveel, en glad nie rondgekyk nie. Dit was nie moeilik nie; ek was rasend honger en sou na iemand gehap het as hulle met my gepraat het. Ek het ’n belegde croissant bestel, ’n warm smulhappie met eier, spek, ham en kaas op. Toe die kelnerin my koffie bring, het ek haar sommer dadelik gevra vir ’n tweede koppie. Dit was terwyl ek die tweede een drink dat ek my handsak op my skoot oopgemaak het om gou skelm my geld te tel.

Met die rondskrabbel tussen sakdoeke, handskoene, paspoort en diverse ander rommel (foto’s van Polder Een en Twee) het ’n dosie vuurhoutjies op die mat geval. Ek het dit nie dadelik opgetel nie ...

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

8.1 Waaruit kan ons aflei dat Iris dit moeilik vind om Peter te weerstaan? (1)

8.2 Waarom is dit vir Peter noodsaaklik om Iris te waarsku om nie met vreemdes te gesels nie? Bewys met TWEE ander voorbeelde uit die roman dat Iris maklik met vreemde mense gesels. (3)

8.3 Hoe bevestig Iris se kleredrag die ruimte waarin sy haar bevind? (1)

8.4 Noem TWEE redes waarom Peter so moeg was dat hy dadelik aan die slaap geraak het. (2)

8.5 Iris se verhouding met Polder is uniek.

8.5.1 Watter optrede van Iris vroeër in Parys bewys hierdie stelling? (1)

8.5.2 Watter ooreenkoms is daar tussen hierdie gebeure en Peter? (1)

8.6 Wat is Iris se uitkyk op die lewe in hierdie uittreksel? Toon ook aan hoe haar uitkyk na haar ontmoeting met die vuurhoutjieversamelaar ooreenstem met die slot van die boek. (3)

**EN**

**TEKS 2**

My getroude status het almal gepas. Ma en tant Ans het baie goed klaargekom en die twee pa's, ná 'n aanvanklike inkennigheid, ook. Peter se ouers het by Pa op die plaas gaan kuier en Ma is saam om te gaan kyk hoe dinge daar vorder. Sy het aangenaam verras teruggekeer; dit was blykbaar nie nodig gewees om haar te skaam nie. Pa se hartbeeshuis is uitgebou tot 'n ordentlike woonhuis met 'n dak, mure, 'n badkamer en kombuis, elektriese bedrading en deure wat kon sluit en die wilde diere buite hou. Die werf was afgekamp en die beeskrale nie so na aan die huis dat die vlieë gepla het nie.

"Ek sou daar kon woon," het sy my vertel. "Polder Twee sal veilig wees."

"Die nijlpaarden vreet blykbaar nie honne op nie," het Johanna uit haar maag gelag.

"Ma kan nie vir Polder wegvat nie!" het ek gesê.

"Hoekom nie, darling?"

"Wat van my?"

"Jy het mos nou vir Peter."

"Peter is nie 'n hond nie."

"Haai, darling," het sy gesê. "Ek hoop nie so nie."

My skoonouers het 'n keer of twee by ons in die woonstel kom kuier, maar ...

8.7 Watter soort verteller tree in dié uittreksel op? (1)

Kopiereg voorbehou
EASTERN CAPE

8.8 Iris het aanvanklik glad nie aan trou gedink nie.

Wat, dink jy, het haar van besluit laat verander? (1)

8.9 Pa se destydse besluit om ’n plaas te koop, het konflik tot gevolg gehad.

8.9.1 Hoekom was daar konflik? (1)

8.9.2 Watter karaktereienskap van Ma word uit dié konflik afgelei? (1)

8.10 Waarom kan Johanna se woorde in reël 13 as sarkasties beskou word? (1)

8.11 Iris hanteer veranderinge moeilik.

Hoe word die stelling in hierdie uittreksel bevestig? (1)

8.12 Iris erf Johanna saam met die huis.

Noem nog TWEE ander dinge wat Iris deur die loop van die roman geërf het. (2)

8.13 Die feit dat Iris se skoonpa ongemaklik voel in haar teenwoordigheid, sluit aan by een van die roman se temas. Noem dié tema. (1)

8.14 Wat was Peter se pa se motivering vir die feit dat Iris van sy duiwe moet wegbly? (1)

8.15 Is Iris se ingesteldheid teenoor haar skoonpa geregverdig? Motiveer jou antwoord deur na haar skoonpa se optrede te verwys. (2)

8.16 Hoe dra die stemming van die aangehaalde gedeelte by tot die roman se sukses? (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

In die roman *Manaka – plek van die Horings* ervaar Griesel du Pisani konflik.

Skryf ’n opstel van 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Griesel voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in ’n roman is (2 feite)
- Hoe Griesel by die ander karakters konflik veroorsaak (4 feite)
- Hoe Griesel se konflik sy verhouding met Nanna beïnvloed (6 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik tussen Griesel en Nanna (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Griesel sou gee om sy konflik op te los (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

Die hooggelaaide vragmotor wat die gemeente gehuur het om die sendingpaar se meubels na Barotseland te vervoer, hervat sy reis.

“Was dit nie vir jou ook snaaks nie, muluti? No work, no nothing, niks.”

“Nou hoekom huil jy dan?” vra Griesel. Sy kneukels op die stuurwiel wys wit.

“Oor die pampoen,” sê sy.

“Stadig, Nanna. Jy kan nie vir elke mens langs die pad geld in die hand stop en reël dat hulle vir jou kom werk nie. Hier sal jy meer as ooit daarop moet konsentreer om dinge korrek te doen.”

“Is dit nie korrek om te huil oor die eerste pampoen wat jy by jou nuwe gemeente present kry nie?”

By Manaka hou hulle langs oom Scholtzie stil en klim uit. Hulle hoor hom ’n woord sê wat predikante gewoonlik nie gebruik nie.

... “Wát sê jy, oom Scholtzie?” Die kuiltjie in Nanna se wang wil-wil terug.

... “Ek sê...ek sê hulle het al die sinkplate van die dakke afgesteel. Ek bedoel ... iémand het al die sinkplate van die dakke afgesteel.”

Nanna stap stadig deur die verwoesting. “En die vensters en die deure en die kosyne uit die mure geruk, ”sê sy.

10.1 *Was dit nie vir jou ook snaaks nie, muluti?*

10.1.1 Waarna verwys Nanna hier? (1)

10.1.2 Waarom vra Nanna juis hierdie vraag aan Griesel? (1)

10.2 Waaruit kan ons aflei dat Griesel gespanne is oor waar hulle hulle bevind? (1)

10.3 Hoe sluit Griesel se woorde dat Nanna nie vir elkeen kan geld gee nie, aan by die ruimte waarin dié sendelinge hulle gaan bevind? (1)

10.4 Hoekom het die vrou vir Nanna ’n pampoen gegee EN wat was die gevolg van hierdie handeling? (2)

10.5 Toon die ironie wat in Griesel se woorde in reël 11–12 voorkom, aan. Verduidelik hoe dié ironie teen die einde van die roman steeds vir Griesel geld. (3)

Kopiereg voorbehou

10.6 Oom Scholtzie het deernis met ander mense.

Noem TWEE bewyse wat hierdie stelling bevestig. (2)

10.7 Dink jy oom Scholtzie se Christenskap kom in sy woorde in reël 20–21 na vore? Motiveer jou antwoord. (3)

**EN**

**TEKS 2**

Baas kap ’n ekstra spyker deur die skedel in die bastermopanie en loop weg, rivier toe. Hy trek die kragopwekker aan die gang. Die honde maak hulle op hulle lêplekke tuis.

“Die paalkapper het ’n boodskap gestuur dat hy klaar is!” kom skreeu ouma Essie bo die gedreun in sy oor. “Die pale sal nie op die Datsun gelaai kan word nie. Dit is te lank.”

“Dit is tussen daardie mopanies waar ek my Land Rover se dryfas teen ’n stomp flenters gery het!” skreeu Baas vir haar terug.

“Daar was nie ’n ander plek waar daar reguit pale is nie. Of wou jy nou gehad het ek moet krom pale gebruik? Dink jy miskien ons bou ’n slaaphut vir iemand hier in Barotseland? En buitendien, hierdie keer is dit nie vir die khuta wat jy pale aanry nie.” Ouma Essie draai haar oor na sy mond toe om te hoor wat sy antwoord gaan wees.

“Wat maak van ’n mens ’n Christen, ouma Essie?”

“Ons praat oor pale en jy vra my dít?”

“Ek wil weet, ouma Essie. Ek het dit nodig om te weet.”

“Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen ...”

10.8 Watter soort verteller tree in dié uittreksel op? (1)

10.9 Konflik ontstaan tussen Baas en die khuta.

10.9.1 Hoekom was daar konflik? (1)

10.9.2 Watter karaktereienskap van Baas word uit sý hantering van die konflik afgelei? (1)

10.10 Wat is die verskuilde betekenis van ouma Essie se woorde in reël 12–14 oor Manaka as aanbiddingsplek? (1)

10.11 Hoe bevestig hierdie uittreksel dat ouma Essie die Profeet van die Bybel genoem word? (1)

10.12 Baas se vraag in reël 18 sluit direk aan by een van die temas van die verhaal. Noem die tema. (1)

10.13 Noem TWEE oorsake van Baas se negatiewe houding jeens die Christendom. (2)

10.14 Hoekom kan daar gesê word dat die Afrika-milieu waarin die verhaal afspeel, bydra tot ’n rustige, sowel as ’n onheilspellende, stemming? (2)

10.15 Som die insig waartoe Baas uiteindelik oor Christenskap kom, in ’n sin op. (1)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

In die roman *Vatmaar* ervaar Tant Wonnie en Oom Chai konflik.

Skryf ’n opstel van 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Tant Wonnie en Oom Chai voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in ’n roman is (2 feite)
- Hoe konflik by Tant Wonnie en Oom Chai voorkom (2 feite by elke karakter)
- Hoe Tant Wonnie se konflik haar verhouding met die Septembers beïnvloed (3 gemotiveerde feite)
- Hoe Oom Chai se konflik sy verhouding met Boytjie Afrika en Bettie beïnvloed (3 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van hierdie twee karakters se konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Oom Chai sou gee om hierdie konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 1**

Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit ’n swanger ongetroude meisie gesien het nie. Daar was meer kinders as grootmense. Oupas het altyd gesê: Ek kan nog altyd daai klein werkie doen.

Sterfgevalle was ver uitmekaar maar elke nou en dan is daar ’n baba gebore. Niemand is dood aan kanker nie want dit was ’n rykmansiekte, maar teen witseerkeel het kinders nooit ’n kans gehad nie. En daar was twee soorte tering: die vette en die mare.

Onse kinders het oorgenoeg gebaklei, maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou.

Vatmaar se kinders het nooit van die Agste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie. Ons kon dit nooit weerstaan om ’n draai met anderman se bicycle te ry nie. En ons het dit geniet om rond te draf met ’n ou bicycle-wiel sonder speke of tjoep met ’n stokkie in die groef.

12.1 Wat het Vatmaar se mense gedoen om hul geluk op hul nuwe erf te verseker? (1)

12.2 Hoekom is die hoekpenne van elke erf op Vatmaar vir die inwoners belangrik? (1)

12.3 Verduidelik die ironie in reël 1. (1)

12.4 Hoe sluit Kaatjie Muller se handeling by die stelling in reël 2 aan? (1)

12.5 Hoe regverdig die milieu waarin Vatmaar geleë is, die kinders se houding teenoor die Agste Gebod? (1)

12.6 12.6.1 Wie het die kinders van die Queen Cape Boys vertel? (1)

12.6.2 Waarom was dit juis vir dié persoon moontlik om die storie te kon vertel? (1)

12.7 Hoe het Ta Vuurmaak die werk waarvoor hy nie lus was nie, vrygespring? (1)

12.8 Wat was Ta Vuurmaak se kosbaarste besitting uit die oorlog? (1)

**EN**

**TEKS 2**

Sy het my ’n kombers gegee om oor my te gooi, warm water gaan maak en dit saam met ’n stukkie seep en ’n handdoek vir my gebring. Na ek gewas het, het ek in die hoek van die kamer gaan sit en gou-gou aan die slaap geraak. Dis die diepste wat ek ooit in my lewe geslaap het, want ek was heeltemal weg. Maar toe die ou vrou my wakker maak, was ek terug in die wêreld van mense en vol pyn.

My hart was gebreek oor wat ek gedoen het en tog ook nie alleen gedoen het nie. Ek het geen genade van my pa gekry nie, die pa vir wie ek so lief was en wat my sy Blom-uit-die-hemel genoem het.

Ek kon nie glo wat in net ses maande se tyd gebeur het nie. My hele wêreld het verander en ek was alleen. Allah, het ek gesê, U is genadig, wees tog ook hierdie gevalle meisie genadig.

Ek was maar net sewentien en ek het alles verloor wat die moeite werd was. Niemand het my meer liefgehad nie. Toe my pa my rok geskeur het, het hy gesê my respek is deur die varke opgevreet. En nou het hierdie ou vrou my “my kind” genoem en my aan my hand opgetrek. Sy het die kombers van my afgehaal en toe die rok gevat soos ’n mens ’n baadjie uittrek.

Kopiereg voorbehou 
EASTERN CAPE

12.9 Wie is in hierdie gedeelte aan die woord? (1)

12.10 Waarom is dit geslaagd dat hierdie persoon die verteller is? (1)

12.11 Gee die rede vir die innerlike konflik by die verteller. (1)

12.12 Waarom het die verteller se pa so drasties opgetree? (1)

12.13 Dink jy die oortreding regverdig die pa se optrede teenoor sy dogter? Motiveer jou antwoord. (2)

12.14 Later in die roman kom die volgende woorde voor:

*In sy woede het hy gesê hy het sy maskawie, sy lobola, verloor.*

Watter karaktertrek van die pa kom hier duidelik na vore? (1)

12.15 Na wie word hier verwys as die *ou vrou* en hoe sluit haar optrede by die tema van goed en sleg aan? (2)

12.16 Hoe het die verteller haar dankbaarheid teenoor die *ou vrou* betoon en watter implikasie het dit vir Taliep ingehou? (3)

12.17 Lees reël 7, 11 en 13 weer.

Watter stemming skep hierdie reëls? (1)

12.18 Die verteller sê die volgende woorde later in die roman:

*Sy is 'n Christen, het sy gesê, en 'n lid van Ma Khumalo se kerk waar sy haar Jesus gevind het*.

Verduidelik wat hier in die verteller se lewe gebeur het. Motiveer waarom hierdie gebeurtenis as realisties, of nie, beskou kan word. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**OF**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Die sentrale tema van die drama, *Krismis van Map Jacobs*, word deur die volgende aanhaling saamgevat*:*

*Kyk maar Map Jacobs se tattoos, man ...*

Bespreek hierdie tema in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die drama na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Map, Cavernelis en Blanchie dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Map se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Map was (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

### VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP* JACOBS – Adam Small**

Lees die tekste hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 1**

MAP: Ek is nog ôrait, Ma ... is Map ... ’is Johnnie ...
*Sy kyk na hom, knik.*
MAP: Hoe gaan ’it moet Ma?
*Sy knik dat dit “goed gaan”.*
MAP: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... Ek wiet sy’t ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet ...
*Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.*
MAP: ... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy’s nogal vrinnelik ...
*Sy kyk na hom.*
MAP: Miss Africa ... ’n Mens kan nogal moet haar praat.
*Sy kyk vraend op.*
MAP: Miss Africa, Ma ... Ek sê, sy’s nogal vrinnelik ...
*Antie Grootmeisie knik.*

MAP: Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...
*Antie Grootmeisie kyk lewendig op.*
MAP: Annermaand!
*Sy knik opgewonde.*
MAP: Parole, Ma ...
*Sy knik weer.*
MAP: Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ...

14.1 In watter ruimte (gebou) vind hierdie gesprek plaas? (1)

14.2 Hoekom voeg Map in reël 1 die naam *Johnnie* by? (1)

14.3 Herlees reël 2–4.

14.3.1 Waarom praat Antie Grootmeisie nie met Map nie? (1)

14.3.2 Wat moes gebeur voordat Antie Grootmeisie weer praat? (1)

14.4 Waarom is Blanchie (reël 5) vir Map so belangrik? (1)

14.5 Blanchie ervaar innerlike konflik oor haar en Map se verhouding. Dink jy Blanchie het korrek OF verkeerd opgetree deur Map nie meer in die tronk te besoek nie? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

14.6 Lees weer die kursiefgedrukte woorde in reël 8.

14.6.1 Wat word sulke woorde genoem? (1)

14.6.2 Wat is die funksie van dié woorde in hierdie gesprek? (1)

14.7 Watter rol speel die *social worker* (reël 9) in Map se lewe? (1)

14.8 Lewer kritiese kommentaar op die volgende stelling deur TWEE bewyse aan te voer:

Die tipiese Kaapse Afrikaans, wat in hierdie dialoog gebruik word, pas by die karakters. (2)

14.9 Bestudeer reël 14–18.

14.9.1 Watter simboliek lees jy in die feit dat Map juis op die *sewende* (reël 17) vrygelaat word? (1)

14.9.2 Watter enkele woord suggereer dat Antie Grootmeisie bly is oor Map se vrylating? (1)

14.9.3 Hoe sluit die woord *annermaand* by die drama se titel aan? (1)

**EN**

**TEKS 2**

LA GUMA: En dan, wanner 'n man se history ge-destroy is, wanner hulle die original hys van jou family ge-destroy het, en al jou connections oek moet die mense wat jy geken het, en al daai resentment in jou opgestook het ... Well, you've got to start again, somehow, right? ... All over again, mister Cavernelis ... in this ... wasteland ... Hierso waar daar niks direction is nie, man hierso waar hulle vir jou, en vir my, en vir al onse families, in-geforce het ... Group areas ...

CAVERNELIS: Maar dis hoekô ons hierso wil yt ...

LA GUMA: So ons ammal soek 'n identity, 'n direction ... Kyk maar Map Jacobs se tattoos, man ... daai's 'n search vir identity!

MAUD (*verskyn self by die venster*): Cavernelis-darling, now really!

CAVERNELIS: Ek is nóú daar, Maudie ...

LA GUMA: O, good evening, missus Cavernelis ...

MAUD: Evening? Evening? It's the bloody dead of night mister La Guma!

14.10 Bespreek die sosio-politieke agtergrond waarna La Guma in reël 1 verwys. (2)

14.11 In reël 2–9 praat La Guma van *hulle* en *hulle* optrede.

Wie is *hulle*? Gee ook TWEE bewyse uit die drama dat *hulle* optrede Map se lewe beïnvloed het? (3)

14.12 La Guma slaag nie daarin om aan sy omstandighede te ontsnap nie.

Motiveer hierdie stelling. (1)

14.13 Cavernelis dui in reël 10 aan dat hy en sy gesin *hierso wil yt …* Waarom is Cavernelis se dood, teen die einde van die drama, dan ironies? (1)

14.14 Dié uittreksel sluit baie goed by die tema van hierdie drama aan.

14.14.1 Formuleer die tema van die drama na aanleiding van die uittreksel. (1)

14.14.2 Waarom is dié tema steeds aktueel? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Die sentrale tema van die drama, *Mis*, word deur die volgende aanhaling saamgevat*:*

*Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*

Bespreek hierdie tema in 'n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die drama na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Miem, Meisie en Gertie dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Meisie se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Meisie was (1 gemotiveerde feit) **[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| | *Terwyl MIEM verder praat, kom Meisie weer binne, gaan sit en werk verder.* |
| MIEM: | Ek wil dit nie hoor nie. Ek wil dit nie weer hoor nie! Dit ontstel my te veel. Al die arme sotte wat nie die gevaar besef nie. *(Snork)* Op pad hierheen het jy seker die tent net buite die dorp gesien? |
| GERTIE: | Ja. En baie mense wat toustaan om in te gaan. |
| MEISIE: | *(opgewonde)* Is daar baie liggies en is die tent groot? |
| MIEM: | *(kwaai)* En vir wat wil jy weet! *(Aan GERTIE)* Die dwase! Maar ek was my hande in onskuld. Ons het gewaarsku en gewaarsku maar hulle wou nie hoor nie! As ek dink aan die aaklige mense. Rondlopers en kwaaddoeners. |
| GERTIE: | Om nie eers te praat van die fratse nie! *(Gril)* Om net daaraan te dink ... |
| MIEM: | Fratse? Watse fratse? |
| GERTIE: | In die kleiner tent langsaan. Jy moet betaal om in te gaan. |

Kopiereg voorbehou
EASTERN CAPE

| | |
|---|---|
| MIEM: | En hoe weet jy van ... hierdie fratse? |
| GERTIE: | *(verbouereerd)* Ek? |

16.1 Wat behels Meisie se *werk*, volgens reël 1–2? (1)

16.2 Waarom gebruik Miem herhalende dialoog in reël 3? (1)

16.3 In reël 4 verwys Miem na *gevaar*.

16.3.1 Watter *gevaar* bedreig die gemeenskap? (1)

16.3.2 Identifiseer die sosio-politieke agtergrond waarin Miem en Meisie hulle hier bevind. (2)

16.4 Herlees die toneelaanwysing in reël 8.

Waarom reageer Meisie so? (1)

16.5 Hoekom is Miem volgens reël 9 se toneelaanwysing so *kwaai*? (1)

16.6 In reël 13 *gril* Gertie.

Motiveer waarom Gertie se optrede nie oortuigend is nie. (2)

16.7 Herlees reël 18 en 19.

16.7.1 Watter antwoord verskaf Gertie 'n bietjie later op Miem se vraag? (1)

16.7.2 Hoekom is Gertie se verbouereerdheid oortuigend? (1)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit. |
| KONSTABEL: | Laat ek help. |
| MEISIE: | Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant. |
| KONSTABEL: | Dis goed so. |
| MEISIE: | *(bly)* En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie. *Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na die emmer. Sy sit sy hand op die handvatsel*. |
| MIEM: | Dit is gaaf van u, Konstabel. |

| | |
|---|---|
| | *MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. Van die inhoud spat uit.* |
| MIEM: | Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie. |
| MEISIE: | Ja, Ma. *(Maak die deur oop)* *Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL na buite.* |
| MIEM: | *(trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en kyk agterna)* En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi. *(Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom nogal goed klaar. |

16.8 Lees reël 1.

Wat is *dit* waarna Miem verwys en gee TWEE bewyse uit die drama hoe *dit* Meisie se lewe beïnvloed het? (3)

16.9 Watter enkele woord in reël 3–4 suggereer ’n gemaklike, vriendskaplike verhouding tussen Meisie en Konstabel? (1)

16.10 Meisie ervaar innerlike konflik wanneer sy die sirkusmusiek hoor.

Verduidelik waarom dit vir Meisie belangrik is om die sirkusmusiek (in reël 6–7) nié te hoor nie. (2)

16.11 Wat noem ons die kursiefgedrukte inligting in reël 8–9? (1)

16.12 Hoe sluit reël 11–12 by die titel van die drama aan? (1)

16.13 Lewer kritiese kommentaar of die effek van die herhaalde verwysings na *sirkusmusiek* in die drama, soos in reël 16, geslaagd is. Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

16.14 Waarom is Miem se woorde in reël 20–21 ironies? (1)

16.15 Volgens reël 1, 13 en 19 is Miem baie voorskriftelik.

16.15.1 Hoe sluit dit by die tema van die drama aan? (1)

16.15.2 Waarom is hierdie tema steeds aktueel? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou